

Geen ander verlosser kan op weeg nie.

Teks: Daniël 3: 1 - 30 & Sondag 11

Teksvers: Daniël 3: 29

1. Inleiding

In ons leerdiens prediking vanoggend kom een van die gewildste Sondags afdelings aan die beurt. Sondag 11 is die sondagsadeling wat oor die rol van die Seun in die drie-eenheid handel. En spesifiek die rol van Christus as die verlosser is een van die bekendste Christelike leerstellings. Oor die algemeen is dit iets wat maklik deur gelowiges bely word. Maar is wat die mond bely in lyn met wat die hand doen? Ook vandag in die moderne wêreld met sy menigte alternatiewe “verlossers”? Dit is die probleem met ware opregte Godsdiens. As wat ek met my mond sê nie met my dae bevestig word nie, is dit mos vals.

Dit bring ons vandag by vraag 30 van Sondag 11. En in lyn hiermee, gaan ons kyk hoe Daniël se drie vriende se Godsdiens lyk in Daniël 3. Wat doen Sadrag, Mesag en Abednego wanneer daar skielik ’n nuwe verlosser verskyn. En alhoewel hierdie teks vir ons antiek voel, moet ons nie te maklik geflous word nie. Want ook vandag is daar baie ander verlossers op die toneel. Hulle word miskien nie as Godsdienste verpak nie, want godsdiens is immers absurd volgens die ateïstiese wêreldbeeld van vandag. Maar wanneer ons na gepaardgaande dae kyk, sien ons tog sterk godsdiens elemente na vore kom. Veral op die gebied van verlossing.

En juis daarom is dit so nodig dat ons vanoggend in die leerdiens weer stil word voor die konsep van verlossing. Maar veral ware verlossing, nie die vals verlossing wat die wêreld bied nie. Maar ook veral die volmaaktheid van verlossing in ons Here Jesus Christus. Want die idee van Christus kombineer met ander verlosser, is nie iets wat in die 16de eeu, met die opstel van die kategismus, agter gebly het nie. Daarom kyk ons vandag na die volkome verlossing in Christus uit drie hoeke. Eerstens die vermoë om te verlos, tweedens hoe hierdie verlossing ook in ander verpakking verpak word. En dan laastens hoe ons geloof ook soveel meer moet wees as verlossing.

2. Vermoë om te verlos

Wanneer ons na die groot prentjie kyk in die konteks van ons teks, sien ons die magtige koning Nebukadnesar. Hy is in hoofstuk 3 besig om ’n Godsdiens te skep. Die beeld wat hy bou moet as ’n god aanbid word. Met ander woorde Hy het ’n god geskep. ’n God wat in die spesifieke konteks die vermoë het om te red. Te red uit die dood wat iemand in die gesig staar wat ongehoorsaam is aan die magtige Nebukadnessar. Dus het nie net met ’n gewone afbeelding te doen in ons teks nie. Ons het met die verlosser wat Nebukadnesar gemaak het te doen.

Dit is hier waar die konneksie na ’n moderne wêreld vreemd en dalk geforseerde voel. Want ons leef mos juis in ’n tyd waar daar met afsku na vergryp in die naam van enige geloof gekyk word. Maar wag is dit nie juis ’n geloof wat beoefen word nie. Daardie aversie in enige iets wat nie tot die mens se eie voordeel en genot strek nie. Daardie haat teen die tradisionele kerk met sy ongewilde konserwatiewe standpunte oor sonde. Waar gesagstrukture daagliks gesien word as die probleem.

En dan wanneer hierdie sake bespreek word, word daar vinnig verwys na kerk as ’n verbygaande kulturele gebruik. Die aandag word gevestig op kleiner wordende gemeentes, wat daagliks meer en meer sukkel om die mas op te kom. En dit is hier waar die volgende konneksie na die konteks van ons teks duidelik is. Nabukadnessar lei natuurlik aan hierdie grootheidswaan omdat hy die wêreldmoondheid van die tyd is. Hy het immers ook Israel oorwin en weggevoer, sodat hulle nou hier in ballingskap is. Daarom sy woorde in vers 15: watter god sal julle uit my mag kan red.

Vandag is daar ook ’n heersende onuitgesproke gevoel van wat kan die kerk, en dan miskien die kerk van die Here dan vir ’n mens doen. Miskien het die moderne gelowige

ook al begin twyfel in die Here Jesus Christus se vermoë om te verlos.

3. Verlossing in 'n ander verpakking

Tog soos ons reeds gesê het, is hierdie leerstelling iets wat sentraal is, en baie hoog geag word in die Christelike geloof. En juis daarom sal 'n mens dit nie sommer maklik verloën, of dan ook ander mense kan oortuig om dit te verloën nie. Maar wat as ons die net so bietjie anders verpak. Die vraag is kan ons nie vir die eeue oue waarheid maar net 'n nuwe baadjie aantrek nie. Is dit nie presies wat die mense in Daniël gedoen het nie.

Net drie joodse manne word verklaar in vers 12 by Nebukadnessar. Ons weet dit gebeur waarskynlik as gevolg van afguns en jaloesie oor die rolle wat hulle in administrasie van die land gespeel het. Tog kan 'n mens nie help om te wonder wat het die ander jode gedoen nie. Het hulle maar gebuig wanneer die musiek kom speel het? Het hulle die Here verloën of het hulle dalk vir Verlossing net 'n ander verpakking gegee. Kon hulle miskien hulle verlos word van die ewige dood deur die Here, maar van verlossing van Nebukadnessar het hierdie beeld as verlossers benodig.

Dieselfde is natuurlik die 16de eeu waar. Mense weet hulle saligheid is in Christus. Nêrens tot vandag toe het die Rooms Katolieke kerk Christus as verlosser officieel verwerp nie. Maar verskeie ander verlossers, soos die heiliges en ander is bygevoeg. Met ander woorde die selfde geloof in 'n skynbare ander verpakking.

Ook vandag word die vraag baie gevra. Christus verlos ons uit die ewige dood. Maar vir die ander probleme in die lewe rondom my is daar mos moderne antwoord. Kyk maar net na die kerk se priortiteit in hierdie pandemie tyd. Skynbaar pla ander inperking regulasies ons baie meer as die beperking op die uitleef van ons geloof. Wanneer daar toegewings in die verband gemaak word, besluit baie mense om dit steeds nie te gebruik nie.

Uiteindelik maak die antwoord op vraag 30 dit duidelik. Christus is die enigste volkome verlosser in enige situasie. En om in enige aspek van my lewe 'n ander verlosser bo Hom Tweede diens

te kies, is eenvoudig om Hom heeltemal te verwerp.

4. Soveel meer as verlossing

Maar dan is daar natuurlik die bekende gedagte in vers 18. ¹⁸Selfs as Hy dit nie doen nie, moet u weet dat ons u god nie sal dien nie. Dit wat Nebukadnessar so geweldig onstel. 'n Totale afkeer in sy gode. Die duidelike standpunt van die God wat ons dien is steeds beter, selfs sou Hy ons nie verlos nie. Maar kom ons verduidelik dit bietjie beter. Een van die dinge waarvan ons as sondige mense mense moet verlos word is die fokus op ons eie oorlewing en voorspoed.

Want as my geloof maar net verseker dat ek oorleef en 'n gemaklike lewe ly. Dan is dit nie Godsdien nie, maar versekering. Godsdien behels die eer en verheerliking aan 'n hoër wese, selfs tot op die punt waar dit ongemaklik, selfs onmoontlik vir myself raak. En daarom met hierdie hoër wese natuurlik die moeite werd wees om vereer te word. Uiteindelik is dit net die Here die almagtige wat moeite werd is om aan bid te word. En daarom wys Sadrag, Mesag en Abednego die aanbidding van Nebukadnessar se god van die hand. Ja, selfs al sou dit beteken dat hulle vergaan.

Is die geloof wat ook in ons lewe vanoggend. Wil ons eintlik maar net deel wees van 'n geloof wat meewerk tot my oorlewing, gemak of plesier. Of is ons bereid om steeds die Here te eer en te verheerlik. Selfs al sou dit beteken dat ons heeltemal vergaan. Sadrag, Mesag en Abednego is bereid om die traumatiese vuurdood vir hulle geloof te sterf. Wat is ons bereid om op te offer vir die eer en verheerliking van die Here, self ook in hierdie inperkingstyd.

Want uiteindelik is dit nie verlossing wat aanbid moet word nie. Dit is die Here wat aanbid moet word. Daarom moet my dade getuig dat ek verlos is, maar ook dat ek die Here aanbid. In die bekende woorde van Psalm 84:11: ¹¹Waarlik, één dag in u tempel is beter as duisend daarbuite. Ek staan liever by die drumpel van die huis van my God as om te woon in huise sonder God.

5. Slot

In hierdie afsluiting wil ons prakties raak vanoggend. Wat is die les wat ons uit hierdie teksgedeelte leer? Is dit dat ek vuurdood vir my geloof moet gaan sterf. Wel nee, selfs 1 korinthies 13 vers 3 maak dit duidelik: “ al gee ek my liggaam prys om my daarop te kan beroem, maar ek het geen liefde nie, baat dit my niks.” Maar wat is die les dan?

Die eerste les is natuurlik oor verlossing. Dat daar net verlossing te vind is by ons Here, Jesus Christus en Sy sterwe en opstanding as offer vir ons sondes. Dit is 'n offer wat eerstens die vermoë het om ons te red. En tweedens ook volkome is om ons heeltemal te red. Ons het niks meer as dit nodig nie.

Maar natuurlik is dit nie genoeg vir die sondige mens soos ons nie. Ons wil meer hê, en dan

dink die mens dat hy/sy dit by ander verlosser sal vind. Of selfs dat hy/sy die ware geloof so kan verbuig om ook ander skynbare verlossers tevrede te hou.

Uiteindelik het ons die les geleer, dat alles ten slot van sake oor die eer en verheerliking van die Here gaan en nie net oor my eie verlossing nie. Om ons eie oortuiging hieroor te toets vanoggend kan ons met die volgende selfondersoek vraag afsluit. Hoe voel ek daarvoor dat mense rondom my, miskien naby my nie verlossing by die enigste ware Verlosser soek nie? Is ek maar tevrede dat hulle verlossing soek by verlossers wat eenvoudig nie opweeg nie.

Amen